



Beste Artikel 2019
FAMILIA - KWARTAALBLAD

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika

Familia 2019
(56/3)

'N EKONOMIESE RAAMWERK VIR GENEALOGIESE NAVORSING?
Dr Wilhelm Bernhardt
(wbernhardt@vodamail.co.za)

Dr Bernhardt (A1B1C9D2E1) is 'n afstammeling van 'n gelyknamige Duitse huursoldaat (A1), wat in 1856 uit Duitsland via Brittanje na Suid-Afrika gekom het as lid van die Brits-Duitse Legioen, en dié se vrou, 'n Afrikaanse Boeremeisie uit die Koue Bokkeveld met die naam Dina Susanna Swanepoel. Hy het reeds die storie agter sy stamvader se koms gepubliseer, en is tans in die proses om die geslagsregister van die Bernhardt-familie in Suid-Afrika te finaliseer. In hierdie artikel ondersoek hy die moontlike riglyne vir en 'n voorlopige inhoud van 'n ekonomiese raamwerk ter ondersteuning van genealogiese navorsing, met besondere klem op die opstel van tydlyne. Die skrywer se belangstelling in hierdie onderwerpe spruit voort uit 'n vraag wat grondliggend is tot sy belangstelling in genealogie, nl: wat is die grense, indien enige, van genealogiese navorsing? Wanneer is ons, en wanneer is ons nie meer besig met genealogie nie, en wat kan gedoen word om voortdurende groei, vernuwing en verryking in hierdie dissipline aan te moedig?

Dit is die skrywer se uitgangspunt, soos uiteengesit in die artikel, dat genealogiese aktiwiteit in 'n spektrum van ten minste vyf tipes wedersyds ondersteunende belangstellingsvelde verdeel kan word, en dat ál vyf hierdie tipes waarde kan put uit gedeelde metodes van ondersoek. Een so 'n metode wat al vyf tipes navorsing op die genealogiese spektrum in 'n mindere of meerdere mate tot diens kan wees, is die skrywer se voorgestelde ekonomiese raamwerk vir genealogiese navorsing, en die gepaardgaande gebruik van tydlyne.

INLEIDING

Onlangs stuur 'n vriend aan my 'n grotendeelse outobiografie van sy pa, 'n oud-landdros, wat in 1978 oorlede is. Die paar bladsye wemel van basiese genealogiese gegewens, waaronder die identiteit van sy pa se ouers en grootouers, asook die name van kinders, met hul geboortedatums. Dit bevat egter ook geografiese en chronologiese feite, insluitend feite betreffende waar en wanneer die gesin opeenvolgend gewoon het; asook politieke gegewens (bv. die vader se lidmaatskap van die Ossewa Brandwag en die Nasionale Party); en sosiologiese gegewens (die pa se ampte en rol in die kerk en samelewing, asook hoe hy sy Afrikaner-identiteit beleef het oor 'n spesifieke tydperk). Laastens is dit ook opvallend dat die ekonomie regdeur die verloop van hierdie man se lewe soos 'n goue draad teenwoordig was. Feitlik elke besluit wat hy geneem het, is óf deur die ekonomie bepaal, óf het een of ander ekonomiese nagevolg gehad.

So is die skrywe bv. deurspek met verwysings na die gesin se voortdurende rondtrekkery op soek na beter boerdery-geleenthede; verwysings na die impak van sprinkaanplae en

die Groot Depressie; vertellings van die wisselende pryse van koring, vleis en wol; en hoe die man weens 'n sameloop van verskeie ongunstige ekonomiese faktore nie in sy pa se spore as boer kon volg nie, en derhalwe 'n suksesvolle loopbaan in die staatsdiens aanvaar het.

Die voorgenoemde gegewens laat die vraag ontstaan: Wat is 'n genealoog? Behels genealogiese studie meer as bloot net die soeke na en ordening van stamlyne? Behoort dit meer as net dit te wees? Wanneer is ons nie meer besig met genealogie nie, maar eerder met sosiologiese ondersoek, die skryf van 'n biografie of blote storievertelling? Is daar iets soos 'n suiwer genealogiese studieveld, of bestaan genealogie dalk eerder uit 'n 'n samevoeging van verskeie dissiplines, wat verenig word onder die sambreel van 'n basiese belangstelling in die ontvouing van afstammingslyne oor tyd? In 'n onlangse artikel wat verskyn het op die eGSSA-webblad (2019/02/05, *Kosmos en Kakiebos*, Kobie Ströh) word die oorsprong van Kakiebos bespreek. Die artikel bevat opvallend geen genealogiese gegewens nie. Is dit dus steeds "genealogiese" navorsing as dit geen "genea" bevat nie, of is dit letterlik net interessante agtergrond?

In die voortgesette soeke na antwoorde op hierdie vrae is daar gelukkig ten minste een hoekpaal wat baie sterk geanker staan. Hierdie hoekpaal is die moeder-en-kind-verhouding wat bestaan tussen geskiedenis aan die een kant, en genealogie aan die ander kant. Genealogie is myns insiens in wese niks anders nie as die bestudering van geskiedenis op 'n mikro-vlak, nl dié van die individu en/of 'n familie. Indien geskiedskrywers dus – soos wel bekend is – nie huiwer om vir doeleindes van verryking en kontekstualisering gebruik te maak van die kennis wat deur ander studierigtings – insluitende die ekonomie – gegenerer word ten einde hulle insig in geskiedkundige gebeure te verryk nie, behoort daar geen grondige besware te wees indien genealoë dieselfde doen ten einde insig in die doen en late van individue en families te verkry nie.

Uit hierdie oogpunt beskou deel die geskiedenis en genealogie natuurlik nog een kritieke eienskap, nl. die klem wat beide plaas op die chronologiese ontknoping van gebeure, en die gepaardgaande fokus op die gebruik van tydlyne as 'n essensiële metode van ondersoek.

Hierdie dubbele gewaarwording bring ons met 'n effense ompad by die eintlike doel van hierdie artikel, nl. 'n voorstel vir 'n gestruktureerde ekonomiese raamwerk vir genealogiese ondersoek, wat tot verryking kan wees vir meeste tipes genealogiese ondersoek, en wat terselfdertyd die gebruik van tydlyne as genealogiese hulpmiddel bevorder. Die artikel skop dus af met 'n kort oorsig van die verskillende kategorieë of tipes aktiwiteite wat onder genealoë onderskei kan word, hoofsaaklik ten einde 'n idee te vorm van wie die potensiële "gebruikers" of "mark" vir so 'n raamwerk sal wees. Daarna beweeg die artikel aan na die voorstel vir ekonomiese raamwerk, gevolg deur 'n aanduiding van die soort vrae wat verskillende tipes genealoë met behulp van die raamwerk kan vra ten einde hulle ondersoek aan te help, rigting te gee of te verdiep. Die artikel sluit af met 'n kort verwysing na tydlyne, en die aanwendingsmoontlikhede van die voorgestelde ekonomiese raamwerk in hierdie opsig.

DIE VYF KATEGORIEË VAN GENEALOGIESE ONDERSOEK

Dit wil soms voorkom asof daar met verloop van tyd twee oorhoofse, skynbaar uiteenlopende denkrigtings m.b.t die wesensaard van genealogie posgevat het.

Hiervolgens staan daar in die een hoek 'n enger interpretasie van genealogie, wat hoofsaaklik streng op familie-afstammingslyne fokus. Daarteenoor vind ons in die ander hoek 'n breër fokus, wat poog om familie-afstammingslyne binne die groter konteks van o.a. politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese, wetlike en omgewingsverwante veranderlikes, tydlyne en -narratiewe te plaas.

Terwyl die enger denkskool primêr fokus op die beantwoording van die "wie?", "waar?" en "wanneer?" vrae rakende familieafkoms, ondersoek die breër skool daarbenewens ook die "waarom?", "hoekom?", "wat?", en "hoe?" vrae. Op die oog af is die basiese verskil tussen die twee uitgangspunte dus die breër interpretasie se uitgangspunt dat 'n genealoog ook die groter prentjie en tydlyne moet ken as hy of sy die geslagsregister van 'n individu of familie beter wil verstaan. Daarteenoor is die bymekaarsit van 'n individu se basiese genealogiese gegewens min of meer vir die aanhangers van die enger interpretasie genoegsaam.

Die bogenoemde onderskeid behoort nie te ernstig opgeneem te word nie, aangesien dit duidelik in die rigting van 'n oorvereenvoudigde stereotipering neig. In werklikheid is dit myns insiens meer aanvaarbaar en bevorderlik vir debat om aan genealogie as 'n ondersoekende dissipline te dink in terme van 'n spektrum van wedersyds-ondersteunende tipes aktiwiteite. In hierdie verband wil ek voorstel dat 'n onderskeid gemaak kan word tussen ten minste vyf oorhoofse, dikwels oorvleuelende, "tipes" of "kategorieë" op die genealogiese spektrum, nl.

1) Tipe 1 Genealogiese Studie:

Die 'suiwer' of "tradisionele" genealoog, vir wie afstammingslyne en opstel van geslagsregisters 'n hoofprioriteit is. Hierdie groep, en hulle gepaardgaande aktiwiteite, kan as die "grondslag" of "fundamentele onderbou" van genealogie as 'n wetenskaplike aktiwiteit beskou word. Dit vorm steeds die hoofstroom van genealogiese aktiwiteite en verskaf die standaard van ondersoek vir genealogiese navorsing.

2) Tipe 2 Genealogiese Studie:

Die "groter verhaal" of "inklusiewe" genealoog, vir wie afstammingslyne net so belangrik as vir die "suiwer" genealoog is, maar wat daarbenewens ook die groter verhaal agter die mense in die geslagsregister wil verstaan, en derhalwe dikwels addisioneel klem plaas op ondersoek na aspekte soos die motiewe vir individue se besluite; die opstel van narratiewe oor individue se lewens; die bevestiging van chronologie en tydlyne; die plasing van individue se verhale in groter historiese, sosiologiese, godsdienstige of ekonomiese konteks; die menslike geskiedenis van oorgeërfde objekte; asook die uitpluis van die historiese korrektheid van oorgelewerde familie verhale, -mites, -geheime en -skandes.

3) Tipe 3 Genealogiese Studie:

Die "groter patroon" genealoog, wat benewens "afstammingslyne" en die inklusiewe "verstaan" van die menslike elemente daaragter, selfs nog een stappie verder wil gaan deur ook die breër tendense of groter patrone binne 'n familie, of gekose groep persone, te ondersoek. Die tipiese vrae wat hierdie genealoë bvoorbeeld sal vra is: "hoeveel lede van my familie was Voortrekkers, van waar het hulle getrek en waar het hulle uiteindelik gevestig?"; "watter tipe gesondheidsafwykings kom in my familie

voor, en kan ek enige tendense in dié verband onderskei?" of "wat is die oorsprong en oordragpatroon van 'n spesifieke naam-kombinasie in 'n spesifieke familie?"

4) **Tipe 4 Genealogiese Studie:**

Die "ondersteunende" of "data-daarstellende" genealoog, wat spesialiseer in die bymekaarmaak en beskikbaarstelling van die primêre bronne van genealogiese studie vir gebruik deur hulle mede-genealoë. In hierdie groepering vind ons diegene wat kiesersrolle gaan afneem in die argief; dié wat lank-vergete koerante se inhoud elektronies transkribeer; hulle wat sterfkennisse, huweliksertifikate en doopregisters vir die webwerf *FamilySearch* ontsluit, ens.

5) **Tipe 5 Genealogiese Studie:**

Die "terloopse", of "geleentheids-" genealoog, wat nie werklik in genealogie spesialiseer nie, maar eintlik in wese primêr 'n ander dissipline – soos geskiedenis, sosiologie, gesondheid of ekonomie – nastreef, en net terloops of by geleentheid van genealogiese inligting gebruik maak ten einde 'n standpunt toe te lig. Sulke genealoë spandeer eerder hul tyd aan die doen van navorsing rondom die breër konteks van genealogie (bv die geskiedenis, die politiek of die ekonomie), maar vind dit soms nodig om die rol van 'n individu of familie te verklaar of toe te lig deur na hul genealogiese gegewens te verwys. Joernaliste val bv. ook soms in hierdie kategorie, wanneer hulle dit in die loop van 'n artikel vir welke rede ookal nodig vind om te verwys na wie 'n persoon se ouers was; dat hy/sy uit 'n familie van musikante/skrywers/politici edm stam; of dat 'n persoon 'n familiegeskiedenis van een of ander gesondheidsprobleem het.

Die doel met hierdie kategorisering van genealogiese studievervelde is beslis nie om kant te kies vir of teen enige van die voorgenoemde tipes nie, of om een tipe bó enige van die ander te verhef nie. Ook is die doel geensins om 'n beweging van stapel te stuur om genealoë in "boksies" te druk, of om sinnelose klassifisering in die hand te werk nie. Die realiteit is in elk geval dat meeste genealoë hulle in elk geval in enige gegewe stadium van hul lewe mag besig hou met ál vyf die bogenoemde tipes studie, afhangend van hulle persoonlike belangstelling en behoeftes. Boonop is nie een van die vyf genealogiese tipes minder of meer intellektueel opwindend of bevredigend as enige van die ander nie.

Indien so, hoekom dan hoegenaamd tyd afstaan aan die kategorisering van genealogiese aktiwiteite? Die antwoord hierop is tweeledig: eerstens omdat kategorisering ruimte skep vir die bewustelike ontwikkeling van tipe-spesifieke metodes, standaarde en -tegnieke; en tweedens omdat die uiteensetting van die verskillende tipes van hulp kan wees om te bepaal of daar dalk metodes mag wees – soos hopelik die voorgestelde ekonomiese raamwerk wat hierop volg – wat dalk vir meer as een tipe, of dalk selfs vir al vyf tipes genealogiese studie tot mindere of meerdere mate van hulp kan wees. Hierdie moontlikhede word in die hieropvolgende gedeeltes in meer besonderhede met verwysing na die verskillende tipes genealogiese studie aangespreek.

'n KNERTSIE EKONOMIESE TEORIE

Vir 'n genealoog, wat iets van die impak van die ekonomie op sy of haar voorgeslagte wil verstaan, is dit noodsaaklik om ter aanvang eers 'n baie basiese begrip van die konsep "ekonomie" onder die knie te kry. Etimologies gesproke kan die Afrikaanse woord "ekonomie" teruggespoor word na die Griekse woorde "*Oikos*", wat "huishouding" beteken, en "*nomos*", wat "om te bestuur" of "om te regeer" beteken. In sy mees basiese vorm dui

die woord "ekonomie" derhalwe op die wyse waarvolgens 'n huishouding bestuur word, en meer spesifiek die bestuur van 'n huishouding se hulpbronne, op so 'n manier dat die huishouding nie net oorleef nie, maar uiteindelik ook floreer. Hulpbronne, in hierdie geval, dui op dinge soos arbeid, grond, eiendom en kapitaal.

'n Verdere begrip wat inherent tot die ekonomie staan is keuse, oftewel die besluite wat mense (en state op makrovlak) elke dag uitoefen ten einde 'n dak oor hul kop, en kos op die tafel te plaas, aan die hand van beskikbare hulpbronne. Uiteraard is hierdie ekonomiese keuses nie altyd maklik of voor die hand liggend nie, want die hulpbronne wat benodig word om ekonomies te oorleef en te floreer is beperk, of skaars, en nie eweredig versprei nie. Vervolgens word ekonomiese gedrag dikwels gekenmerk deur konflik tussen belange, intense kompetisie om hulpbronne en soms uiters moeilike keuses oor wat die beste opsies vir 'n individu, familie of staat is. Kortom gestel: die ekonomie is dikwels 'n bepalende faktor in die gedrag (en lotgevalle) van individue en state.

DIE SKAKEL TUSSEN EKONOMIE EN GENEALOGIE

Teen die voorgaande agtergrond kan die volgende tipe vrae uit 'n ekonomiese oogpunt van 'n genealoog verwag word:

- a) **Tipe 2, 3 en soms 5 genealoë:** Was my voorsaak ekonomies gesproke "welaf" of "arm"? Hoekom? Watter faktore het sy of haar ekonomiese status in die samelewing bepaal? Tot watter ekonomiese hulpbronne het my voorsaak toegang of nie toegang gehad? Het die ekonomie my voorsaak se keuse van 'n lewensmaat beïnvloed? Kan die antwoorde op hierdie vrae my help om my voorsaak se ander lewenskeuses beter te verstaan? Ek het bv. altyd gewonder hoekom my oupagrootjie, Wilhelm Bernhardt (A1B2, 1866-1939), so gou ná sy eerste vrou, Cornelia Adriana Kruger, se afsterwe in 1919 tydens die Groot Griep met my oumagrootjie, die weduwee Anna Dorothea Vorster (gebore Du Preez) getroud is? Die antwoord hierop is waarskynlik te vinde in beide van hulle se ekonomiese omstandighede: hy was 'n wewenaar wat uit transportry 'n lewe probeer maak het in 'n tyd wat ossewaens al meer deur die spoorweë vervang is, met twee of drie jong kindertjies om groot te maak, en sy was 'n weduwee in dieselfde situasie, wat – aldus die boedelpapiere van haar oorlede man, Lodewikus Johannes Vorster, 'n spoorwegwerker – feitlik amper op straat gesit het ná haar man se afsterwe, ook met 'n hele paar jong kindertjies om groot te maak. Is dit daarom verrassend dat hulle in 'n huwelik 'n moontlike ekonomies-haalbare uitweg gesien het tot hul wedersydse hulpbronnuitdagings?
- b) **Tipe 2, 3 en soms 5 genealoë:** Hoe het my voorsaak se ekonomiese status sy/haar lewenskeuses beïnvloed? Meer spesifiek: Was daar enige ekonomiese faktore wat die verloop van my voorsaak se lewe beïnvloed het? (bv om te verstedelik; of om te migreer van Europa na Afrika; of om as bywoner te gaan woon op 'n ander se grond; om te trou; of om die plaas te verlaat en op 'n myn/die spoorweë te gaan werk?). Baie van ons sal byvoorbeeld verbaas wees om te weet dat die Groot Trek, waaraan sovele van ons voorsate deelgeneem het, net soveel – indien nie meer nie – deur ekonomiese faktore – en veral die gebrek aan grond – veroorsaak is, as deur die welbekende politieke faktore, soos o.a. aangehaal in Piet Retief se welbekende Manifest (lees gerus meer hieroor in veral die uitstekende navorsing van Prof P.J van der Merwe, soos o.a. vervat in sy boek *Trek. Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap, Kaapstad 1945*).

- c) **Tipe 2, 3 en soms 5 genealoë:** Was die ekonomie 'n faktor in die omstandighede waaronder my voorsate geleef het (hoekom was hulle boere, stedelinge, dorpenaars, vlugtlinge, en wat was die omstandighede waaronder hulle geleef het – arm, ryk, siek, gesond, honger, versorg, bang, veilig?). Vele Afrikaners se voorsate het bv teen die einde van die 19e eeu en vroeg 20e eeu, toenemend begin om 'n bywonersbestaan te voer, en dikwels later 'n verstedelikingsproses ondergaan. Dit is in baie gevalle opvallend dat die beskikbaarheid van grond, wat 'n kritieke hulpbron in 'n oorwegend landbou georiënteerde ekonomie is, onteenseglik 'n baie groot rol hierin gespeel het. Vele plase kon eenvoudig nie meer op 'n ekonomies-lonende wyse onderverdeel word nie en hierdie feit, tesame met die opkoms van die spoorweë, en later die ontdekking van goud en diamante, het beslis 'n oplossing gebied vir vele verarmende Boeregesinne.
- d) **Tipe 1, 2, 3 en soms 5 genealoë:** Kan 'n bietjie basiese kennis van die ekonomie my help om 'n sterfkennis of geboorterekord op te spoor, of die inhoud van 'n boedel te interpreteer? Indien 'n persoon se geboorterekord bv nie op die naaste dorp opgespoor kan word nie, is dit soms nuttig om die vraag te vra waar die gesin se naaste groot ekonomiese sentrum was, eerder as om te vra wat hul naaste dorp was, en om dan eerder dáár te gaan soek vir 'n doop- of trouerekord, as op die naaste dorp. Waar sou 'n boer sy produkte gaan verkoop: op die naaste dorp of op die grootste mark, en is dit daarom nie dalk net moontlik dat hy eerder dáár sy toekomstige trouwrou kon raakloop en die knoop deurgehaak het (of die kind gedoop nie!)? Die punt hier is dat 'n bewustheid van die ekonomie selfs 'n "tradisionele" genealoog behulpsaam kan wees met die soeke na inligting, aangesien dit hom/haar kan bystaan met die formulering van hipoteses, wat in essensie niks anders is as die vrae wat ons vra om ons navorsing in nuwe rigtings te lei wanneer ons doodloopstrate bereik nie.
- e) **Tipe 4 genealoë:** Watter tipe ekonomiese data het my mede-genealoë nodig om enige van die bostaande vrae te antwoord? Een voorbeeld in hierdie opsig is die daarstel van ekonomiese tydlyne van bv. 'n staat, dorp of distrik waarin 'n spesifieke individu of familie woonagtig was; of die voorsiening van basiese ekonomiese data rakende sulke plekke (bv. wat was die tipiese beroepe in 'n spesifieke dorp op 'n gegewe tydstip in 'n bepaalde gebied, of wie het watter plase op watter stadium besit, en hoe is dit onderverdeel by die afsterwe van die eienaar). Nog 'n voorbeeld is die beskikbaarstelling van data rakende die gemiddelde inkomstes van bywonergesinne; of van 'n blanke mynwerker in bv. die 1920s.

'n VOORSTEL VIR 'n EKONOMIESE RAAMWERK VIR GENEALOGIESE NAVORSING

Die voorgaande vrae en voorbeelde laat die vraag ontstaan of dit moontlik is om die rol en impak van die ekonomie op 'n persoon se lewe sistematies aan die hand van 'n gestruktureerde metodiek te analiseer? Die resultaat van hierdie denke was die Ekonomiese Raamwerk vir Genealogiese Ondersoek, soos uiteengesit in die onderstaande tabel:

| EKONOMIESE FAKTOR | VOORBEELDE |
|---|--|
| Stap 1: Stel 'n Profiel saam van die persoon se basiese persoonlike ekonomiese data | <ul style="list-style-type: none"> • Bronne van Inkomste (bv boerdery, salaris, lenings, huur, toevallige meevallers) • Vernaamste Ekonomiese Bates (bv grond, wa en osse, arbeid, opvoeding) • Tipiese Uitgawes (bv grootte van gesin, aftrede, lewenskoste, skuld, opvoeding) • Finansiële Terugslae (bv bankrotskap) |
| Stap 2: Ontleed die makro ekonomiese dryfkragte wat moontlik 'n impak op die persoon se lewe kon uitoefen | <ul style="list-style-type: none"> • Ekonomiese beleid en wetlike raamwerk (bv. die VOC, Britse besettings edm se beleid tov rentekoerse, invoere en uitvoere, pryse van goedere edm) • Struktuur van die Ekonomie (bv Grond en Beeste, mynbou, industrialisasie; behoefte aan arbeid/vaardighede, slawerny) • Demografiese veranderinge (bv bevolkingsgroei, verstedeliking, migrasie, ouderdomsverspreiding) • Die wisselvalligheid van die markkragte (bv impak op invoer en uitvoer, depressies en resessies) • Ekonomiese vaardighede (bv onderwysgeleenthede, opleiding, vakmanskappe) • Die rol van geografie en kommersiële Sentrums (geleenthede) • Arbeid en Arbeidsverhoudinge (bv werksomstandighede, stakings – bv 1922, Indiër en Chinese werkers) |
| Stap 3: Ontleed die moontlike impak van politieke gebeure op die ekonomie in die algemeen, maar ook op 'n individu in die besonder | <ul style="list-style-type: none"> • Plaaslike Oorloë <ul style="list-style-type: none"> ✓ Oos-Kaapse Grensoorloë ✓ Die Transvaalse Burgeroorlog ✓ Die Anglo-Boere Oorloë ✓ Die Wêreldoorloë ✓ Die Grensoorlog ✓ Die Koreaanse Oorlog • Politieke Gedrag <ul style="list-style-type: none"> ✓ Ossewa Brandwag, AWB, ANC ✓ Vryheidstryd ✓ Broederbond • Plaaslike en Buitelandse Regerings- of beleidsveranderinge <ul style="list-style-type: none"> ✓ Die Bataafse bewind aan die Kaap ✓ Die Britse besetting van die Kaap ✓ Die 1948 oorwinning van die NP ✓ Post-1994 transformasie ✓ Katastrofiese ekonomiese beleid: Kommunisme, Venezuela, SA |
| Stap 4: Ontleed die moontlike impak van peste, plaë en rampe op die ekonomiese lotgevalle van state en individue | <ul style="list-style-type: none"> • Natuurampe: Droogtes, vloede • Siektes: Mense (Pokke, Masels, Die Spaanse Griep; Malaria). • Peste en Plaë: Plante (<i>Phylloxera</i>, sprinkane) • Persoonlike rampe: Die blote afsterwe van 'n eggenoot kon 'n persoon in 'n ekonomiese katastrofe dompel • Peste en Plaë: Diere (Runderpes, perdesiekte) |
| Stap 5: Ontleed die moontlike impak van tegnologiese veranderinge en vooruitgang op die ekonomiese lotgevalle van state en individue | <ul style="list-style-type: none"> • Vooruitgang in vervoer - bv. Spoorweë, stoomskepe • Veranderinge in vervaardigingstegniese – bv massavervaardiging • Veranderende bronne van energie • Verbeterde gesondheidsorg (inentings, geboortebeperring, medisyne) • Vooruitgang in kommunikasie • Vernuwende landboutegniese • Veranderinge in oorlogvoering • Vooruitgang in mynboutegniese |
| Stap 6: Oorweeg en ondersoek die moontlikheid dat onwettige, onetiese, onnosele en onverklaarbare ekonomiese gedrag moontlik 'n impak kon gehad het op die ekonomiese lotgevalle en/of lewenskeuses van 'n persoon | <ul style="list-style-type: none"> • Skelmstreke (bedrog, omkopery, diefstal) • 'n Totale onvermoë om verantwoordelik met geld te werk • Die onwettige ekonomie (smokkel, swartmark) • Onverklaarbare Ekonomiese Giere en Geite: Die Volstruisveer 'boom'; Vrot Melk Kubusskema; Piramideskemas, edm • Medemenslikheid (grootmaak, aanneming, beurse, skenkings) • Slawerny (Ncapayi, A.H. Potgieter, ZAR in die 1860s) |

Tipiese vrae wat 'n genealoog met behulp van die voorgestelde ekonomiese raamwerk kan vra ten einde sy/haar ondersoek te rig, sluit o.a die volgende in:

| FAKTOR | OPMERKINGS / RIGLYNE |
|--|--|
| BASIESE PERSOONLIKE EKONOMIESE DATA | <ul style="list-style-type: none"> • Wat kan van 'n persoon se ekonomiese vermoë geleer word uit bronne soos Boedel-likwidasierekening, Sterfkennisse, Dooprekords, Hofrekords, Belastingrekords / Opgaafrolle, Sensusopnames en toevallige oorgelewerde vertellings "hy het mos die plaas geërf, en nie sy ouer broer nie...." <p>Onthou egter: Al hierdie rekords is tydgebonde. Dit weerspieël slegs 'n persoon se basiese ekonomiese data op 'n spesifieke stadium in sy/haar lewe. Dit is dus 'n goeie idee om tydperke aan die data te koppel. Onthou ook: Wanneer dit kom by geld is mense nie altyd doodeerlik nie: neem dus sommige gegewens as 'n basiese aanduiding, en nie die absolute waarheid nie.</p> |
| MAKRO-EKONOMIESE DRYFKRAGTE | <ul style="list-style-type: none"> • Hoe sou die genoemde dryfkragte persoon X raak i.t.v besluite, lewensomstandighede, edm? Hoe interpreteer ek persoon X se likwidasierekening in die lig van die makro-ekonomiese faktore? Hoe raak makro-ekonomiese faktore persoon X se tydlyn? Plaas jouself in persoon X se skoene: wat sou jy gemaak het indien jy deur dieselfde faktore gekonfronteer is? |
| DIE IMPAK VAN POLITIEK OP DIE EKONOMIE | <ul style="list-style-type: none"> • Was daar in jou voorsaak se leeftyd 'n oorlog? Het hierdie oorlog 'n ekonomiese impak op sy/haar materiële welstand gehad? Indien wel, wat, en tot in watter mate? Het dié ekonomiese impak dalk tot ander besluite aan die kant van jou voorsaak gelei? (bv om te migreer; of om as vrou vir die eerste te keer 'n vaste werk te aanvaar? • Watter politieke keuses het jou voorsaak uitgeoefen? Het hierdie keuses sy/haar ekonomiese vooruitsigte voordelig of nadelig geraak? • Het jou voorsaak in 'n tyd van buitengewone regerings- en/of beleidsveranderings geleef? Het hierdie politieke veranderings 'n ekonomiese impak op sy/haar materiële welstand gehad? Indien wel, wat, en tot in watter mate? Het dié ekonomiese impak dalk tot ander besluite aan die kant van jou voorsaak gelei? (bv om die land te verlaat; of om van werk te verander? |
| DIE ROL VAN PESTE, PLAEN RAMPE | <ul style="list-style-type: none"> • Hoe het Persoon X daarin geslaag om ekonomies staande bly tydens en ná die droogte, sprinkane, runderpes, edm? • Tot watter mate het die droogte, sprinkane, pokke, runderpes, edm Persoon X se materiële welstand beïnvloed? • Is daar enige aanduiding dat Persoon X se ekonomiese posisie ná die droogte, siekte, edm 'n invloed op sy keuses gehad het (bv om die grond te verkoop en as 'n arbeider op die myn te gaan werk; of om gou weer te trou? |
| TEGNOLOGIE | <ul style="list-style-type: none"> • Het Persoon X in 'n tydperk van omvattende tegnologiese verandering geleef, bv Industriële Revolusie (1760-1830), en die 2e Industriële Revolusie (1860-1914)? Hoe het hierdie veranderings Persoon X se materiële welstand geraak? • Watter tegnologiese veranderings het Persoon X in sy lewe beleef? Tot watter mate kon hy/sy daarin slaag om daarby aan te pas? • Was Persoon X dalk self verantwoordelik vir een of ander tegnologiese innovasie wat die koers van sy/haar lewe beïnvloed het? |
| ONWETTIGE, ONETIESE, ONNOSELE en ONVERKLAARBARE EKONOMIESE GEDRAG | <ul style="list-style-type: none"> • Het jy 'n voorsaak wie se rykdom / armoede onverklaarbaar is? Of wie se afwesigheid jy by tye nie kan verklaar nie? • Oorweeg dan ten minste die moontlike onwettige, onetiese, onnosele en/of onverklaarbare ekonomiese verklarings in die raamwerk |

VAN RAAMWERK NA VERGELYKENDE TYDLYNE


Die bostaande ekonomiese raamwerk is by uitstek bruikbaar tydens die opstel van 'n tydlyn oor 'n persoon se lewe. Gewoonlik bevat 'n individu se tydlyn 'n vermenging van verskeie gegewens, met 'n oorwig na die kant van biografiese besonderhede (bv. geboortedatum, doopdatum, troudatum, geboorte van kinders, begin met 'n spesifieke werk; sterfdatums, edm). Die genealoog se kennis en begrip rakende die inhoud van 'n persoon se lewe kan egter in heelwat meer detail "ingekleur", en selfs "begryp" word indien die volgende stappe geneem word:

- 1) Stap 1: Stel afsonderlike tydlyne op vir ten minste: a) die persoonlike biografiese besonderhede van 'n individu; b) ekonomiese gebeure in die persoon se leeftyd, asook enige ekonomiese data rondom die individu wat met behulp van die voorgestelde

raamerk verkry is; en c) breër politieke gebeure tydens die persoon se lewe (nie alle politieke verwickelinge het 'n ekonomiese impak nie. Dit kan egter wel steeds die lewenskeuses van individue beïnvloed – dink bv aan die Franse Hugenote).

- 2) Stap 2: Vergelyk die verskillende tydlyne van 'n persoon se lewe en ontleed of die voortspruitende saamgestelde beeld enigsins meer diepte en kleur aan 'n persoon se lewe verleen, of ten minste baie pertinente gapings uitwys wat verdere navorsing kan inisieer.

In praktyk sal die toepassing van die bogenoemde benadering dus tot die volgende vergelykende beeld van 'n persoon – hier sommer "Hans" genoem ter wille van illustrasie – se lewe kan aanleiding gee¹:



Figuur 1: 'n Voorbeeld van Vergelykende Tydlyne in Genealogiese Navorsing

Die bostaande prentjie kan natuurlik nog meer interessant gemaak word deur: a) die byvoeging van meer biografiese punte op "Hans se persoonlike tydlyn" en; b) die byvoeging van die tydlyne van Hans se voorsate, sy tydgenote, asook dié van sy nasate. Sodoende kan daar mettertyd 'n uiters insiggewende "prent" ontwikkel van hoe Hans se lewe dalk beïnvloed is deur gebeure in dié van sy voorsate; asook die mate waartoe Hans se nasate deur gebeure in sy lewe geraak is – soos in Figuur 1 aangedui, deur die insluiting van die tydlyne van Hans se vrou en kinders.

'n LAASTE VOORBEELD: VERGELYKENDE TYDLYNE

Met die voorgenoemde ekonomiese raamwerk as vertrekpunt, is dit nuttig om ter afsluiting kortliks te verwys na die impak van die ekonomie op my eie voorsaat en stamvader, Wilhelm Bernhardt (A1). Hy is in 1827 in Duitsland gebore in die dorpie Camen, in die hedendaagse provinsie Nordrhein-Westfalen. In sy grootwordjare was Camen deel van Pruise. In Camen het Wilhelm waarskynlik 'n basiese skoolopvoeding ontvang, aangesien onderwys vir alle lede van die Pruisiese samelewing reeds in hierdie stadium geredelik beskikbaar was, veral na afloop van die Duitse Revolusies van die 1840s. Dit is ook hier in Camen wat hy hom as 'n kleremaker bekwaam het, waarskynlik ooreenkomstig die streng reëls van die tersaaklike kleremakersgilde. Die gilde se voorskrifte het beteken dat

¹ Uiteraard verteenwoordig elke punt op die verskillende tydlyne 'n spesifieke gebeurtenis op die tydlyn, wat beskryf behoort te word. Dié beskrywings is egter hier uitgelaat weens beperkte ruimte.

hy as 'n jongman as 'n vakleerling by 'n meester-kleremaker sou moes inskryf, teen 'n baie klein salaris, totdat hy aan die vereistes van die gilde sou voldoen om as onafhanklike kleremaker 'n bestaan te maak.

Volgens alle aanduidings kon stamvader Wilhelm Bernhardt egter nie as vakleerling-kleremaker – of selfs as 'n onafhanklike vakman – in so klein dorpie 'n ekonomies-lewensvatbare bestaan voer nie. Hy kon dalk net-net ekonomies oorleef, maar die “goeie lewe” sou hom bly ontwyk. Die rede hiervoor is te vinde op die ekonomiese tydlyn. Die Duitse state was in daardie stadium midde-in 'n voortsnellende industriële revolusie, o.a. in terme van 'n uitbreidende tekstielbedryf, met massavervaardiging en goedkoop Britse invoere as hoofkenmerk. Hierdie omstandighede verklaar moontlik waarom stamvader Wilhelm Bernhardt hom in 1855 as huursoldaat by die Brits-Duitse Legioen aangesluit het. Teenoor sy sukkelende bestaan as 'n kleremaker in Camen sou hy in die Legioen verseker wees van 'n vaste inkomste, aangesien hy – as huursoldaat – teen betaling vir Brittanje in die Krimoorlog sou gaan veg. Boonop sou die Britse belastingbetaler die onkoste vir sy kos en klere dra. Gelukkig was die Britse ekonomie in daardie stadium – ooreenkomstig die tersaaklike tydlyn – sterk genoeg om sulke uitgawes te kon bekostig.

Die konflik in die Krim het egter geëindig voordat stamvader Wilhelm Bernhardt na die oorlogsfront ontplooi kon word. Volgens kontrak moes die Britte egter die gehuurde Duitse soldate se finansiële voordele eerbiedig en het dié aanvanklike oorlogsbate spoedig tot 'n aansienlike ekonomiese en sosiale las op die Britte se nek ontaard (die Legioen se soldate is na Brittanje gebring, aangesien hulle in die Duitse state as verraaiers beskou is). In Brittanje moes die Duitse soldate op die Britse belastingbetaler se onkoste gehuisves, geklee en gevoed word, sonder dat hulle enige inkomste vir of diens aan die Britse staat verrig het. Boonop het die Duitse soldate spoedig, weens die aard van soldate wat nie 'n oorlog het om te veg nie, maar steeds betaal is, verskeie sosiale probleme tot gevolg gehad, waaronder dronkenskap en straatgevegte met Britse soldate.

Toe Sir George Grey, die Kaapse Goewerneur, dus in ongeveer 1855 aan die Britse regering 'n voorstel maak om van hierdie Duitse soldate aan die onstuimige Kaapse Oosgrens te ontplooi as militêre setlaars, was stamvader Wilhelm Bernhardt onder diegene wat bereid was om na Afrika te gaan in ruil vir die Britte se aanbod van 'n stukkie grond en relatief goeie betaling. So het hy hom uiteindelik in 1857 aan die Kaapse Oosgrens bevind. Ná slegs drie maande het hy egter uit die Britse Leër gedros – bes moontlik omdat hy die ruwe setlaarslewe sonder 'n vrou en met sy soldy wat ál minder geraak het, onaanvaarbaar gevind het. Van hier het hy sy weg na die binneland gevind, waar hy vermoedelik op Tulbagh of Sutherland met die dogter van 'n rondtrekkende veeboer getroud is. Stamvader Wilhelm Bernhardt was egter volgens alle aanduidings ná sy huwelik nooit werklik 'n rasende ekonomiese sukses nie. Trouens, dit lyk of hy eenvoudig nie die nodige ekonomiese vaardighede gehad nie om in die binneland van Suid-Afrika, waar die ekonomie oorwegend om landbou gesentreer was, as kleremaker 'n bestaan te maak.

So blyk dit byvoorbeeld dat hy vir 'n tyd lank skynbaar van sy skoonpa, Johannes Hendrik Swanepoel, afhanklik was (sy tydlyn oorvleuel vir 'n rukkie baie duidelik met dié van sy skoonpa in terme van tyd en plek); en dat hy ná die skeiding van weë tussen hom en sy skoonpa met dié se afsterwe), nie net na 'n ander plek getrek het nie (vanaf Zeerust na Wakkerstroom), maar ook sy derde seun, Jacobus Hercules (A1B3), in 1875 te Heidelberg in die Transvaal vir aanneming opgegee het. Het hierdie drastiese stap dalk iets te donee gehad met sy ekonomiese status? Dit is verder opvallend dat die oudste van die stamvader

se twee seuns, Wilhelm (A1B1) en Johannes Hendrik (A1B2) goed kon skryf. Was stamvader Wilhelm se ekonomiese omstandighede dus dalk effens beter tydens hierdie twee seuns se grootwordjare, en het dinge weer versleg met die koms van die derde seun?

Ten tye van sy vermeende afsterwe, in 1902², was stamvader Wilhelm se ekonomiese omstandighede egter op die oog af beroerd, en sy vermeende sterfkennis, gedateer September 1902 in Grahamstad, dui daarop dat hy heeltemal alleen, brandarm en op die goedheid van andere aangewese was vir die laaste paar maande van sy lewe.

Hy het gesterf in die "*Chronic Sick Hospital*", 'n staatsondersteunde instelling vir behoeftige bejaardes met ongeneeslike gesondheidsprobleme. Het die feit dat hy aldus die sterfkennis vir 'n hele paar jaar aan chroniese rumatiek gely het dalk iets met sy ekonomiese onvermoë te doen gehad? Interessant genoeg dui die sterfkennis daarop dat hy nooit tydens sy lewe ná die Brits-Duitse Legioen van beroep verander het nie: die sterfkennis dui sy beroep ten tye van sy afsterwe steeds as kleremaker aan. Kon hy of wou hy nie aanpassings maak nie?

Uiteraard sal ons nooit weet of ekonomiese oorwegings die enigste motivering vir my stamvader se gedrag was nie. Dit wil op die oog af voorkom - soos o.a. blyk uit 'n moontlike kriminele klag teen 'n persoon wat moontlik hy kon wees in die Wakkerstroom-distrik in die laat 1880s, asof persoonlikheidstrekke en selfs sielkundige faktore ook 'n beduidende rol in sy lewenskeuses kon gespeel het. Verskeie verslae oor die Brits-Duitse Legioen dui verder daarop dat bvele van die lede daarvan bekend - of eerder berug - was vir hulle ontwrigtende en opruiende gedrag. Boonop is daar in die familie 'n sterk oorlewering dat die stamvader in die 1890s kamtig terug is Duitsland toe, kwansuis om 'n erfporsie in ontvangs te gaan neem, maar dat sy skip op weg daarheen verlore gegaan het. Hierdie verklaring klink al te veel na 'n maklike uitweg vir ouers om 'n moeilike situasie aan kinders te verduidelik, en dit is daarom feitlik vir seker 'n opgemaakte storie! Dit sou egter redelik wees om tog te aanvaar dat ekonomiese faktore waarskynlik ten minste 'n belangrike, en dalk selfs 'n deurslaggewende rol, in verskeie van stamvader Wilhelm Bernhardt se lewensbesluite en lotgevalle gespeel het.

TER AFSLUITING

Dit is miskien 'n wanpersepsie dat genealogie slegs vrae oor die verlede vra, en dat daarom uitsluitlik op dinge gefokus word wat verby is. Hierdie wanpersepsie behoort egter reggestel te word. Genealogie is net soveel wetenskap wat gerig is op die hede as wat dit op die verlede fokus. Deur kennis van die voorgeslagte te versamel, leer genealoë in werklikheid die hede beter ken, en beweeg ons nader aan antwoorde op die immer

² Die vermeende Sterfkennis van Wilhelm Bernhardt (A1) kan besigtig word op die webwerf FamilySearch (<https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:939Z-5H9M-9S?i=478&cc=1779109>). Hoewel hierdie dokument nog nie bó alle twyfel aan stamvader Wilhelm verbind kon word nie, is daar tog sekere aanduidings dat hy wel die persoon is wie se sterfte hier opgeteken is. Hieronder kan gereken word: 1) die geskatte ouderdom van die persoon, wat breedweg ooreenstem met Wilhelm se bevestigde geboortedatum; 2) die land van oorsprong van die oorledene (Duitsland); 3) die oorledene se plek van geboorte (wat, hoewel erg onduidelik op die Sterfkennis, tog lyk na Camen, waar Wilhelm Bernhardt volgens bevestigde inligting gebore is); 4) die beroep van die oorledene (kleremaker), wat ooreenstem met Wilhelm se bevestigde beroep; 5) die oorledene se geloofsoortuiging (Rooms-Katolieke), wat moontlik ooreenstem met die stamvader se geloof (maar onderhewig is aan verdere bevestiging); en die naam van die oorledene op die Sterfkennis ("William Bernhardt"), wat ooreenstem met die naam wat hy aldus sy derde seun, Jacobus Hercules, se aannemings dokumente in 1875, gebruik het. Al hierdie feite dui daarop dat dit wel moontlik my stamvader se Sterfkennis is. Ongelukkig is daar egter geen verwysings na Wilhelm se eggenote of kinders op die Sterfkennis nie, wat finale bevestiging sou kon verskaf van sy identiteit (onder hierdie opskrif staan daar slegs - tot my ewigdurende frustrasie - "unknown" op die Sterfkennis).

ontwykende kernvrae van die genealogie: "wie is ek", "waarom is ek" en "wat het in die verlede gebeur dat ek is wie ek is?" Die mees basiese doel – en vreugde – van genealogiese navorsing lê in die soektog na, en die vind van, antwoorde op vrae oor ons voorsate. Uit hierdie oogpunt beskou is die voorgestelde ekonomiese raamwerk vir genealogiese ondersoek, soos uiteengesit in hierdie artikel, hopelik dus nog 'n metode, te midde van vele ander, wat genealoë van hulp kan wees om selfs nog meer genot uit hul gekose belangstellingsveld te put. Die spesifieke bydrae wat dit kan lewer is by uitstek te vinde in die dieper "ekonomiese begrip" wat dit rondom 'n persoon/persone kan te weeg bring, ter ondersteuning, verryking en verdieping van die persoon se basiese genealogiese data. Uiteraard het die raamwerk beperkings. Dit sal bv. van min of geen nut wees vir die terloopse genealoog wat spesifiek op soek is na 'n aangenome kind se biologiese ouers. Dit beteken egter nie dat terloopse genealoë nie in ander kontekste wel daarvan sal kan gebruik maak nie. Al die ander geïdentifiseerde tipes genealoë kan egter aansluiting vind by, of gebruik maak van, hierdie raamwerk. Kom ons gebruik dus basiese kennis van die ekonomie – net soos ons in die geval van ons kennis van die politiek, wetenskap, tegnologie, edm – om 'n persoon se lewe op 'n sistematiese manier te ondersoek en as't ware "in te kleur".

Ten slotte: die aangebode raamwerk is duidelik nie volledig of volmaak nie, en die laaste woorde oor die voorgestelde inhoud hiervan is beslis nog nie gespreek nie. 'n Opgeleide ekonoom sal waarskynlik 'n veel meer professionele poging op die tafel kan plaas. Meeste genealoë is egter nie professionele ekonome nie en sal kan volstaan met 'n redelik basiese raamwerk. Dalk is dit juis waarin die waarde van hierdie raamwerk te vinde is: in die bemagtiging van genealoë om soms, as die nuuskierigheid hulle beetpak, dieper, meer indringende vrae oor hul voorgeslagte te vra, en in die proses dalk net so ietsie meer oor hulself te wete te kom.

Enkele Genealogiese gegewens:

- Wilhelm Bernhardt (A1, *1827/05/27 Kamen, Kreis Hamm, Regierungsbezirk Arnsberg, Duitsland, † ná 1874, moontlik 1902/09/05, Grahamstad) x Dina Susanna Swanepoel.
- Dina Susanna Swanepoel (A1B6C6D10E6, *1844/09/04, Koue Bokkeveld, † ná 1874, x Wilhelm Bernhardt, A1), dv Jan Hendrik Swanepoel (A1B6C6D10, * ca1812, †1877, Marico) en Anna Cecilia Myburgh († ná 1856).
- Wilhelm Bernhardt (A1B1, *1866/10/09 Sutherland, †1939/06/04 Charlestown, x 1890/01/13 Cornelia Adriana Kruger, xx 1920/08/17 Volksrust Anna Dorothea Vorster, geb. du Preez)
- Johannes Hendrik Bernhardt (A1B2, *1870/09/09, †1944/02/10 Fouriesburg x 1896/07/01 Anna Christina Pieterse)
- Jacobus Hercules Bernhardt (A1B3 *1874/05/19, Heidelberg, ZAR, †1943/11/06, Christiana, x 1896/11/17 Maria Margaretha Magdalena Botha)
- Anna Dorothea du Preez (*1885/06/13, †1948/12/02 Charlestown, x Johannes Lodewikus Vorster 1906/05/01 Volksrust, xx Wilhelm Bernhardt A1B1 1920/08/17 Volksrust) dv Gerhardus Ignatius du Preez en Aletta Cornelia van der Merwe.